GRONDWETLIKE HERSIENINGSKOMITEE

UITNODIGING OM OPENBARE VOORLEGGINGS

HERSIENING VAN ARTIKEL 25 VAN DIE GRONDWET

Die Nasionale Vergadering, in oorleg met die Nasionale Raad van Provinsies, het aan die Grondwetlike Hersieningskomitee die mandaat gegee om:

(a) artikel 25 van die Grondwet en ander artikels waar nodig te hersien ten einde dit moontlik te maak vir die staat om grond in die openbare belang sonder vergoeding te onteien;

(b) die nodiege grondwetlike wysiginge waar nodig voor te stel betreffende die soort grondbesitbedeling wat nodig is.

As deel van die grondwetlike verpligting om die openbare deelname te bewerkstellig, vra die Komitee nou skriftelike voorleggings van alle belanghebbers aan betreffende die noodsaaklikheid van, en meganismes vir, die onteiening van grond sonder vergoeding.

Benewens die skriftelike voorlegging, moet u ook asseblief u belangstelling aandui om ŉ mondelinge voorlegging aan die Komitee te doen.

Die sluitingsdatum vir skriftelike voorleggings en versoek om mondelinge aanbiedings is Vrydag, 15 Junie 2018.

Navrae en ook skriftelike voorleggings kan gerig word aan me Pat Jayiya, Komitee-afdeling, Posbus 15, Kaapstad, 800, e-pos pjayiya@parliament.gov.za, tel: (021) 403-3661, faks 086 465 0678, selnr 081 441 0345. Voorleggings wat per hand afgelewer word kan ingedien word by W/S 091, 3de Verdieping, Pleinstraat 90, Kaapstad.

Uitgereik deur agb L P Nzimande LP en agb V G Smith LP

Medevoorsitters: Grondwetlike Hersieningskomitee